
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Trots en selfrespek in die gesinslewe bring trots en selfrespek in die volkslewe.*




*Gesonde en gelukkige huisgesinne is voorwaarde vir 'n gesonde en gelukkige volksbestaan.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 28 APRIL 1943. No. 23.

# Laaste Kans om met Volk Saam te Beweeg

## HET RUSLAND GEVANGE OFFISIERE VERMOOR?

### Duitse Aanspraak Gesteun Deur Poolse Syfers

Van Duitse kant is die afgelope week beweer dat 'n groot massa-graf by Smolensk ontdek is waar tienduisend Poolse offisiere deur die Russe tydens hul krygsgevangeskap vermoor is. Die Duitse Rooikruis sowel as die vlugteling-Poolse regering in Londen het 'n beroep op die Internasionale Rooikruis in Genève gedoen om ondersoek te gaan instel. **Die Poolse regering in Londen het bekend gemaak dat daar 15,000 Poolse offisiere en manskappe in Rusland verdwyn het en dat geen inligting omtrent hulle ooit deur die Russiese regering verstrek kon word nie.** Toe die oorlog tussen Duitsland en Rusland uitgebreek en laasgenoemde die Poolse krygsgevangenes losgelaat het om teen die Duitsers te veg, is van Poolse kant bevind dat hierdie duisende vermis word.

Die feit is dus dat die Poolse regering erken dat duisende offisiere nie gevind is nie, en dat die Duitsers daarop aanspraak maak dat hulle 10,000 Poolse offisiere in 'n massagraf ontdek het en dat hulle die Internasionale Rooikruis uitgenooi het om dit te gaan ondersoek.

Indien hierdie uitnodiging aanvaar word, en dit blyk dat die Duitse aanspraak juis is, behoort dit vir elke beskaafde mens oortuigend te wees van die barbarisme van die Russiese kommunisme, **en dan verkrummel al veldm. Smuts se versekerings van Rusland se goeie bedoelings met Suid-Afrika soos skuim. As so 'n afskuwelike menseslagting van weerlose gevangenes in 'n oorlog tussen blankes kan plaasvind, kan die Afrikanervolk slegs met siddering aan 'n kommunistiese toekoms vir Suid-Afrika dink.**

As hierdie Duitse onthulling deur 'n onpartydige ondersoek bevestig word, sal dit 'n misdaad wees teenoor die beskawing indien 'n regering sy volk langer kommandeer om aan die sy van die Bolsjewisme te veg. En as so 'n onpartydige ondersoek deur die Genèvese Rooikruis geweier word, sal dit weens politieke druk wees, **maar dan sal die wêreld ook weet dat die grond van die Duitse aanspraak as onaantasbaar aanvaar word deur die politieke leiers van die Geallieerdes.**

## EETSTAKING IN FORT: EIS VERHOOR

Volgens in die pers berig is, het ses persone in die Johannesburgse Fort wat sedert die middel van Februarie aangehou word in verband met die sabotasie op 31 Januarie aan die Rand, op 'n hongerstaking gegaan omdat hulle nog nie aangekla is nie. Die tronkowerheid wil geen inligting omtrent die voorval uitlaat nie, maar na verneem word, was die saak in hande van die Prokureur-generaal en sou samesprekings tussen die polisie en die tronkowerheid en moontlik ook die stakers verlede week plaasgevind het.

## *Partypolitiek se Drie Mislukkings Op Pad na Groter Eenheid*

### *Kragtige Rede van Prof. Du Plessis*

**„Ek wil u vanaand wys op 'n drievoudige mislukking van die partystelsel waarvan twee reeds voldonge feite is en die derde in sy geboorte.**

**„Daar is vandag 'n volksmisleiding aan die gang op ongekende skaal. Die volk word opgesweep om sy laaste kragte in te span vir 'n verkiesing wat die politieke leiding weet hy nie gaan wen en begeer om nie te wen nie, maar waarmee hy hoop om alle mededingers om die leierskap uit te skakel," het prof. L. J. du Plessis van Potchefstroom, leier van die Ossewabrandwag se beleidsafdeling, op 21 April in die gevulde Hofmeyrsaal in Kaapstad gesê toe hy in 'n kragtige rede 'n oorsig gegee het van die eenheidspogings van die kant van die verskillende volksorganisasies sedert die uitbreek van die oorlog, maar wat elke keer deur die enghartigheid van die partypolitiek gedwarsboom is.**

Prof. Du Plessis het verwys na die historiese volksbewegings van die Afrikanervolk soos die Groot Trek en die Afrikanerbond eerste. **Dit was die gedagte van 'n volk in beweging teenoor die partypolitieke gedagte van 'n verdeelde volk.** Toe die Afrikanerbond 'n volksbeweging was het hy vanself as ideaal gestel 'n verenigde Suid-Afrika onder eie vlag, maar toe hy later deur Jan Hendrik Hofmeyr omgeskep is tot 'n politieke party het hy hierdie tweevoudige ideaal gelos, want daarmee kon nie stemme gevang word nie. Jan Hofmeyr was die man wat die partystelsel onder die Afrikanervolk ingevoer het.

Ná 1902 toe ons reeds gedink het die spontane volksbeweging het doodgeloop, het die volk weer in beweging gekom tydens die Ossewatrek. Maar reeds voor hierdie gebeurtenis was daar organisasies soos die verskillende „Hemp-bewegings" (Gryshemde, ens.) wat die gedagte van die volk as eenheid verkondig het. Die volk het dit nie aangepak nie omdat dit te veel van die vreemde in hom gehad het, b.v. die Gryshemde se staatstelsel is 'n oppervlakkige oorname van die Italiaanse fascisme. Twee name wat in hierdie verband genoem moet word, is dié van dr. C. J. H. de Wet van Potchefstroom en wyle dr. Steyn Vorster wat die volksbeweging gepropageer het toe ander nog partypolitiek bedryf het. Hul koerantjie kon egter nie bestaan teen die sterk partypers nie en het ondergegaan, veral omdat hulle nog nie 'n duidelike organisasievorm gehad het nie.

In 1938 kom toe die heerlike ondervinding dat die volk in beweging kom en wel sonder program of voorskrif. Almal het op hul eie manier saamgedoen, maar tog eenders. Uit hierdie beweging is die Ossewabrandwag gebore waarin die volk homself erken het, en vandag is die studielaers besig om in te sink in die volkslewe en 'n eie staatstelsel uit te werk wat nuut is, maar tog baie oud.

#### DRIE GELEENTHEDE

**Die ideaal van 'n volk in beweging het nog steeds gebots teen groot manne in die partypolitiek wat verkeerde leiding gee omdat hulle nie die volk in beweging probeer bring nie, maar verdeel,** en vanaand wil spr. stilstaan by 'n drievoudige mislukking van die partypolitiek. Twee is reeds voldonge feite en een is in sy geboortestadium.

Nadat die volksbeweging-gedagte die volk aangepak het, was daar drie geleenthede vir die partypolitiek om homself te red en los te ruk van die verdelende fondament waarop hy staan.

Die eerste was ná 4 September toe die volksorganisasies met groot gesukkel daarin geslaag het om die twee politieke voormanne bymekaar te bring by Monumentkoppie **sodat die volksbeweging ook afronding kon vind in die politiek.** Ná maande se gesukkel daarna was dit nog uiteindelik 'n totale mislukking **en wel omdat van hierdie mense partypolitici gebly het. Hulle het nie gesien dat daar iets nuuts in wording was nie. Die H.N.P. se leiers het gesê dat die groot man van die Afrikanerdom, wyle genl. Hertzog wat die volk veertig jaar lank gelei het, eers by hulle skuld moes bely en hul** program onderskryf voordat hy in hul party opgeneem kon word. Om hierdie rede het die geleentheid misluk en het genl. Hertzog hom teruggetrek uit die lewe van sy volk, en om hierdie rede is die Afrikanerparty en die Pirowgroep gestig — dinge wat alles oorbodig was. **Maar in plaas dat die leier van die H.N.P. toe probeer om hierdie verbrokkeling te voorkom deur die manne terug te wen, het hy hom besin hoe hy hulle kon uitskakel sonder te veel herrie in sy eie party.**

Die tweede geleentheid het hom voorgedoen in Junie 1941. Die Ossewabrandwag was toe al sterk en net soos die res van die volk het hy die vrug van sy verlange binne bereik gesien. Ons het almal destyds gedink die einde van die stryd is naby. **Maar in plaas van die hande self uit te steek na die vrug, het hy saam met die ander volksorganisasies na die partyleier gegaan en hom die leierskap aangebied op politieke gebied, verniet, maar op die enigste voorwaarde dat die party dan nie meer party sal wees nie, dog die partypolitieke front van die volk in beweging.** Voordat hy beslissings van belang doen, moes hy net vooraf die an-

(Vervolg op bls. 2)

### K.G. IN PRETORIA

**Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, spreek op 8 Mei om 7.45 nm. 'n vergadering toe in Pretoria op die Louis Trichardt-plein. Dr. P. J. Meyer praat die middag om 5-uur.**

## VONNIS BEGROET MET SALUUT EN GLIMLAG

Jacobus van Heerden en David J. F. Scribante is verlede week deur 'n spesiale hof onderskeidelik tot 36 en 20 jaar hardepad altesame veroordeel op verskillende aanklagte, o.a. van besit van handgranate en plofstowwe. Sommige van die vonnisse word gelyktydig uitgedien.

Nadat die vonnis op hulle uitgespreek is, het albei breed geglimlag en die Stormjaersaluut gegee. Van Heerden het vir Scribante met 'n stewige handdruk geluk gewens. Voordat hulle afgeneem is na die selle het Van Heerden voor die trappe flink op aandag gekom en die saluut gegee met die woorde: „Lank lewe Hans van Rensburg". Scribante het ook gesalueer en uitgeroep: „Die Vierkleur hoog!"

### GESLAAGDE VERGADERINGS VAN PROF. DU PLESSIS

Prof. L. J. du Plessis, leier van die Ossewabrandwag se studie-afdeling, het op 16 en 17 April uiters geslaagde vergaderings toegespreek op Burgersdorp, Steynsburg en Middelburg. Op al drie plekke was die sale vol en belangstellendes uit ander groepe was ook teenwoordig. Onbeperkte tyd vir vrae is toegestaan waarvan ruime gebruik gemaak is deur veral partyagente. Op Burgersdorp het so 'n agent verklaar dat hy sy vrae in die pers gaan publiseer met die antwoorde van prof. Du Plessis — altans soos hy dit ná die vergadering graag sal wil onthou.

Op Middelburg was daar ook georganiseer om politieke vrae te stel, **maar die plaaslike leier van die party aldaar het ná prof. Du Plessis se toespraak voorgestel dat daar geen vrae gestel word nie „uit agting vir die duidelike manier waarop die spreker die saak uiteengesit het".**




## LAASTE KANS OM SAAM TE BEWEEG

(Vervolg van bls. 1)

der leiers raadpleeg. Die volk sou nou onder leiding van die partyleier verenigd optree, maar dan as **volk** en nie langer as **party** nie, en wel nadat almal beraadslaag het. Die deur het ook oopgestaan vir ander partye om aan te sluit.

### BOTSING

**Maar baie kort daarna toon die partyleiers dat hulle nog 'n party wil bly en nie bereid is om volksleiding te aanvaar nie.** Die Pirow-groep voel dat daar in ooreenstemming met die nuwe gedagte iets nuuts uitgewerk moet word. Die houding van die party teenoor hulle was nie om hulle binne die verband te hou nie, **maar hy sien in hulle die opkoms van 'n nuwe party wat beveg en in die kiem gesmoor moet word.**

Die Ossewabrandwag was toe reeds sterk en op hierdie tydstip tree sy leier, dr. Van Rensburg, na vore en stel die nuwe eenheidsgedagte skerp **dog waar en waaragtig. Hy sê ons kan geen Afrikaner wegstoot nie, en as die party dit wil doen, maak dit geen verskil aan die Ossewabrandwag nie. Daardie Afrikaners bly welkom binne die O.B. al is hulle nasionaalsosialiste. Hy kon nie anders doen nie, want hy het die strewe van die volksbeweging in hom beliggaam, die strewe om alle Afrikaners organisatories te verenig.**

Die partyleier kon toe met dr. Van Rensburg gepraat het oor die moeilikheid, maar in plaas dat hulle dit doen, kom dr. Malan met agt vrae op 'n openbare verhoog wat nie bedoel was om beantwoord te word nie, maar om die leier van die volksbeweging in 'n slegte lig voor te stel by sy medevolksgenote en in die oë van die vreemdes. **Hy kon nog nie besef dat hy volksleier geword het en nie meer partyleier was nie. Die oorsaak van die tweede mislukking was dus die feit dat dr. Malan partypolitikus was en gebly het, en nie omdat hy juis 'n slegte partypolitikus was nie.**

Daar is nou egter 'n derde en laaste geleentheid aangebied. In Jan. 1943 het dr. Van Rensburg die geleentheid aangebied aan dr. Malan dat die volk as eenheid moet optree by 'n verkiesing, al is dit dan net vir die oomblik. **Daardeur sou egter bewys word dat die volk saam in beweging kan kom.** Die aanbod was baie billik gestel. Die Ossewabrandwag sal sy steun verleen as die drie republikeinse leiers mekaar kan vind — 'n baie maklike voorwaarde, want in die verlede is ooreenkomste met vreemdes aangegaan ten einde 'n verkiesing te wen — en ooreenkom om in elke kiesafdeling een goeie republikeinse kandidaat te stel. Dan sal die Afrikanerdom in beweging sy gewig ingooi. Mnre. Havenga en Pirow het hulle bereid verklaar om dit te doen. **Dr. Malan, egter, weier, en sy rede is dat hy nie 'n kultuurorganisasie antwoord oor politieke sake nie.**

Dit was die laaste geleentheid vir die partypolitieke leiers om saam te kom by die volk in beweging.

### VREES OORWINNING

**Die rede vir die voorlopige mislukking is dat die partyleier 'n nederlaag verwag of selfs 'n nederlaag by die verkiesing begeer.** Want as hy 'n oorwinning begeer het, sou hy gegryp het na hierdie billike voorstel. **Soos spr. die saak sien is daar 'n volksmisleiding aan die gang op ongekende skaal. Die volk word opgesweep om sy laaste kragte in te span, om met silwerkoeëls ons vryheid los te skiet, en dit terwyl die leier nie glo en nie wens om te wen nie; want as hulle wen, sal hulle Suid-Afrika uit die oorlogsverband moet ruk, en daarvoor sien hulle nie kans nie. Want as hulle opreg 'n oorwinning begeer het, sou hulle moontlik kon oorwin deur slegs die aanbod te aanvaar. Wat sou dan die prys gewees het wat hulle vir die oorwinning moes betaal? Hoogstens 5 of 10 setels wat hulle aan mede-republikeine sou moes afstaan. Is dit 'n prys vir die vryheid? Wat is vyf setels as 'n prys om te betaal vir die oorwinning van jou volk? het prof. Du Plessis uitgeroep. Die stemme word vir hulle op 'n skinkbord aangedra, maar die antwoord is ,,nee-dankie!" Is dit die antwoord van manne wat 'n oorwinning begeer?**

Maar die feit is dat die partyleiding wel 'n groot voordeel vir homself sien. **Die volk sal verloor, maar die party sal wen,** en daarom doen die partyleiding sy bes om die volk te laat verloor. **Hulle hoop om alle ander republikeine uit die parlement te skakel sodat net 'n groepie suiwer H.N.P.-lede daar sal terugkom as die enigste opposisie.** Dan sal daar geen kompetisie meer wees vir die leierskap binne die parlement nie. Net dr. Malan en mnr. Eric Louw en hul keurbende sal oorbly.

**Hulle hoop dat die tweede oorwinning vir die party ná die verkiesing sal kom. Dan gaan hulle vir die volk wat verloor het sê dat dit die Ossewabrandwag se skuld is dat hy verloor het, want die Ossewabrandwag het verkondig dat die parlement uitgedien is waardeur hy mense van die stembus weggehou het. Die volk sal dan opstaan teen sy eie beweging en hom vernietig, en dr. Malan alleen bly oor as leier van die Afrikanerdom.**

**Daar is een man wat hierdie laaste mislukking nog op die laaste oomblik kan verhoed, en daardie man is D. F. Malan, het prof. Du Plessis onder dawerende toejuiging besluit.**

# Kommandant-Generaal Herhaal Verkiesingsaanbod

## Gewese Partyleier oor Vergeefse Stryd

**Die Ossewabrandwag se aanbod aan die Afrikanerparty, die Nuwe Orde en die Herenigde Party, nl. dat indien hulle 'n verenigde front vir 'n verkiesing kan vorm, die O.B. sy volle gewig agter so 'n front se kandidate sal inwerp, is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, voor 'n gehoor van ongeveer 500 persone op Frankfort herhaal.**

Dr. Van Rensburg het verklaar dat toe die aanbod oorspronklik gemaak is, die Afrikanerparty verklaar het dat hy daarvoor te vinde is. Die Pirow-groep was ook bereid om saam te werk, maar het sedertdien besluit om geen kandidate by 'n verkiesing te stel nie. Die Herenigde Party het slegs ontvangs van die aanbod erken, maar sedertdien niks verder van hom laat hoor nie. Sy pers het die aanbod ook verswyg. Uit die meerderheid van die kandidate wat egter sedertdien deur die H.P. genomineer is, wil dit voorkom asof vyandigheid teenoor die O.B. die grootste kwalifikasie vir kandidaatskap in daardie Party is.

Die aand tevore het dr. Van Rensburg 'n gehoor van ongeveer 800 persone op Reitz toegespreek en sy verklaring oor die O.B. se houding insake 'n moontlike algemene verkiesing is daar met ewe groot geesdrif as op Frankfort verwelkom. Op albei vergaderings het hy dit beklemtoon dat indien daar geen nasionale eenheidsfront gevorm word nie, dit O.B.-lede vry staan om te stem vir wie hulle wil. Dit is vanselfsprekend, het hy verklaar, dat O.B.-lede nie vir Smutskandidate sal stem nie.

In verband met die O.B. se eenheidstrewe het dr. Van Rensburg gesê dat as met Gods genade die Afrikanervolk oor 50 of 100 jaar nog bestaan nie aan daardie Afrikaners gesien sal kan word of hulle voorvaders lid van die H.P. of die Afrikanerparty was en of hulle rooi of blou lussies gedra het nie.

**Die O.B. het sy stryd gewen. Ná agttien maande van verbete aanvalle op hom uit alle rigtings is hy nog in Suid-Afrika openbare vyand no. 1 van die Britse imperialisme. Selfs in die buiteland word hy erken as draer van die Afrikanergedagte.**

Hoe die O.B. die toets deurstaan het, blyk uit die pragtige groei van sy Noodhulpfonds gedurende die onderhawige tydperk. Spreker het verwys na die fonds wat die Herenigde Party veertien maande gelede in die lewe geroep het om hulp aan die gesinne van geïnterneerdes te verleen. Destyds is verklaar dat die Fonds in die lewe geroep is omdat die O.B. nie vir daardie mense sou kon sorg nie. Die doel van die Fonds was prysenswaardig, maar die Party wat volgens sy pers se berigte, elke dag groei, se fonds het doodgeloop nadat ongeveer £2,500 ingesamel is, terwyl die O.B., wat volgens dieselfde pers daagliks kwyn, reeds meer as £30,000 deur middel van sy fonds ingesamel en aan die gesinne van geïnterneerdes uitbetaal het.

Vervolgens het dr. Van Rensburg verwys na die gevaar wat die opkoms van die kommunisme in Suid-Afrika vir die Afrikanervolk inhou. Uit die anti-Christelikheid van die Kommunisme, sy gelykstelling tussen blank en swart en sy anti-nasionale leer, moet noodwendig die algehele ondergang van die Afrikanervolk spruit, indien die kommunisme in die Unie sou seëvier. Hy sal dan nie alleen 'n groter gevaar as die Empire wees nie, maar ook die Empire saam met die Afrikanerdom vernietig.

In hierdie krisis is die Afrikanervolk besig met skinderstories, het spreker vervolg. Die O.B. is nie 'n eleksie-organisasie nie en hy vra geen setels vir homself nie. Die O.B. as organisasie staan geheel afsydig en gaan hom nie met verkiesings inlaat nie. Hy het egter 'n aanbod aan die nasionaalgesinde Afrikanerdom gemaak en 'n skriftelike verklaring aan dr. Malan, adv. Pirow en mnr. Havenga gestuur. Die verklaring is slegs in ,,Die Vaderland" woordeliks gepubliseer. Daarin is die drie leiers versoek om dit te oorweeg om die nasionaalgesinde Afrikanerdom van die stembus weg te hou en is verklaar dat indien hulle sou besluit dat 'n volksdemonstrasie nodig is, hulle dit asseblief vir die hele Afrikanerdom moontlik moet maak om te stem. Die O.B. het die aanbod gedoen dat indien hulle 'n verenigde front kan vorm en volkskandidate stel, die O.B. in elke kiesafdeling sy volle gewig agter hulle sal inwerp. Die enigste voorwaarde wat die O.B. gestel het, was dat die kandidate wat gestel word, konsekwent hulle vyand in die Britse Ryk en nie in mede-Afrikaners moet sien nie. Die O.B. weier om hom te laat gebruik deur een van die drie Partye of groepe teen die ander.

Ondanks die houding van die Herenigde Party, hoop hy dat dit nie die einde van die saak sal wees nie, en dat Party-nominasies nie in die pad van volkseenheid sal staan nie.

### MNR. BUYS

Mnr. Stoffel Buys, L.U.K., het verklaar dat dit vir hom wil voorkom asof die Afrikanervolk voor groot gebeure staan. Van die Afrikanervolk alleen sal dit afhang of dit sy grootste dag of sy ondergang sal wees. Hy is nie meer onder-leier van 'n party nie, omdat hy besef het dat die tyd om die volk in partye of groepe te verdeel, verby is en die volk, asook die blanke beskawing in Suid-Afrika alleen gered kan word deur 'n beweging wat nie verdeel nie, maar versamel in een sterk mag wat kan optrek teen die volk se vyande.

Die O.B. begeer nie 'n nuwe orde nie, maar slegs om die ou orde waarvoor goed en bloed opgeoffer is, terug te wen. Brandwagte word vandag uitgekryt vir Duitse Sappe, asof die dinge waarvoor die O.B. staan, nie ook die dinge is waarvoor die Voortrekkers alles veil gehad het nie. Die O.B. veg vir rassesuiwerheid, bestaansveiligheid vir almal, om reg en geregtigheid. Die O.B. veg nie vir Duitse nasionaalsosialisme nie, maar ook nie vir partye en groepe nie. Hy veg vir Afrikanernasionalisme en -sosialisme en vir die hele volk.

Voorts het spreker verklaar dat hy smôrens, smiddags en saans vir 'n party geveg het, teen mede-Afrikaners, en al beloning wat hy daarvoor gekry het was Suid-Afrika se deelname aan hierdie oorlog, wat Suid-Afrika reeds sowat £230 miljoen kos. Hy voel oortuig daarvan dat die partywese geheel onmagtig is om ontslae te raak van die beur waarin daar nie vryheid is om uit te buit en sleg te sê nie, maar pligte teenoor mede-Afrikaners en dissipline. magte wat vandag sy erfenis uitbuit. Dit sal alleen binne 'n gesagstaat ge-

Voorts het mnr. Buys verskillende skinderstories wat in verband met dr. Van Rensburg versprei word, behandel en in verband met die pensioen wat hy trek, meegedeel dat genl. Hertzog persoonlik aan hom gesê het dat hy dr. Van Rensburg aangestel het tot Administrateur omdat hy wil toesien dat dit in die toekoms nie vir Suid-Afrika nodig sal wees om sy Goewerneur-generaal uit die buiteland in te voer nie. Genl. Hertzog het hom toe reeds gekies as toekomstige Goewerneur-generaal van Suid-Afrika. Spreker het daarop gewys dat dr. Malan en sy Party vir die wet gestem het wat by dr. Van Rensburg se aanstelling tot Administrateur in die Volksraad aangeneem is, om sy pernsioenregte te waarborg.

**Vir 'n Suksesvolle Loopbaan**

**Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.**

**MEER AS 200 KURSUSSE**

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.**

**Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.**

**Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.................................

Naam.................................

Adres.................................

(O.B. 28 April 1943) .........................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**
**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**
**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18, JOHANNESBURG**
**Posbus 3512 Foon 22-3512**

Voeg DIE DAAD by DIE WOORD
Rook Patriot

DIE O.B., WOENSDAG, 28 APR. 1943.

# Ons Volk kan nie By die Graf Begin

,,Die stryd wat die Ossewabrandwag stry, is in die eerste plaas 'n etiese stryd,'' het genl. J. A. Smith enige maande gelede gesê. In die huidige stryd om die ordes wat vir so baie 'n wedloop tussen stelsels is, raak die waarheid van bogenoemde stelling dikwels verlore. Die Ossewabrandwag strewe daarna om die Afrikanerdom te ontworstel aan die vreemde invloede van die liberalisme en hom weer te verhef tot die hoogte van sedelike adel wat sy voorgeslag verwerf het. Afgesien van die politieke aspek waar agterklappery en bemoddering aan die orde van die dag was, is daar nog 'n ander belangrike veld wat selfs 'n groter bedreiging vir ons Afrikaanse volk inhou, en dit is die terrein van openbare en innerlike sedelikheid.

Onder die liberalisme is losheid van beginsels op sedelike gebied voorgehou as 'n deug en onder die kapitalistiese uitbuiting is gebrek aan ekonomiese middele ingesleep as verskoning vir sulke losbandigheid. Menige jong Afrikaner wat nog bereid was om vas te kleef aan die beginsels van sy Christelike erfenis, is deur hierdie ,,verskoning'' aangemoedig om die pad van die Afrikanervolk te verlaat en op die altaar van die liberalisme te gaan offer. **Versnippering van die gesonde gesinsverband en die kunsmatige samehokking van jong mense in ons groot stede het 'n vrugbare agtergrond gevorm vir 'n afskuwelike euwel om te ontkiem en wat vandag besig is om sy vergiftende wortels in ons volksliggaam binne te dring.** Van kerklike kant word daar baie gesê en gedoen om hierdie euwel in sy dodelike omvang te bekamp, maar ook die Ossewabrandwag met sy ideaal van 'n gesonde gesinslewe, is geroepe om as volksbeweging alarm te maak teen die onsedelikheidserfenis van die liberalisme.

Daar is baie jong manne en meisies in die geledere van die Afrikanerdom wat nie meer hul verantwoordelikheid teenoor hulself en die toekoms van hul volk besef nie, jongmanne en meisies wat al so verstomp is dat hulle te spog loop met uitspatlikhede van die duister wat hulle aan die lig probeer voorhou as kordaat. **Hierdie mense moet besef dat hulle besig is met die gevaarlikste vyfdekolonne-bedrywigheid waarmee 'n volk se bestaan ondergraaf kan word.**

**Die geskiedenis leer ons dat die euwel van onsedelikheid 'n verskynsel is wat hom openbaar by 'n volk wat besig is om te versterf.** Wanneer volke hul hoogtepunt bereik, verval hulle in 'n toestand van bandelose onsedelikheid wat òf die simptoom òf die oorsaak van hul ondergang is. Nou het ons eie volk tydens sy onderwerping vraagstukke van die ou volk, wat hom oormeester het, geërf wat vir menige toeskouer te groot lyk om opgelos te word deur 'n klein volkie soos die Afrikanerdom. **Maar tensy ons jeug ontwaak, sal dit blyk dat die grootste tragedie wat ons volk ingevolge sy onderworpenheid oorval het, juis hierdie feit is dat hy—die pasgeborene—die siekteverskynsel van 'n sterwende ryk geërf het.**

Vir ons volk lê daar nog 'n skone toekoms voor, maar dan moet die jeug van vandag besef dat hulle 'n dure verantwoordelikheid teenoor die moeders en vaders van die toekoms het. **Elke jong man behoort in die omgang met 'n dame te besef dat hy teenoor 'n volksmoeder van die toekoms staan, want sekerlik sal geen trotse Afrikaner begeer dat die moeder van sy volk die stempel van 'n sedelik-vervallene moet dra nie, en dieselfde geld vir die jong meisie.**

*Die O.B.* het hom geroepe geag om hierdie waarskuwing te uit teen 'n kwaad wat reeds roep om openbare erkenning — soos dit in ander liberalisties-vervalle lande reeds erken word — want afgesien van die godsdienstige aspek van die saak, kan geen volksbeweging toelaat dat die volk wat hy probeer dien, verlaag word tot 'n volk van tugteloses nie. **Ons kan nie as volk begin waar ander volke hul graf gevind het nie — die doodkis kan nie ons wieg wees nie.**

# Brokkies uit die Buiteland

## TUNISIË — DIE KEERPUNT IN DIE OORLOG?

By geleentheid van 'n private vertoning van die rolprent ,,Desert Victory'' het veldmaarskalk Smuts o.m. die volgende gesê: ,,Die veldtog nader nou sy einde. Dit is merkwaardig dat hierdie einde sal kom op dieselfde plek waar meer as 2,000 jaar gelede die toekoms van die wêreld in die Slag van Zama beslis is. Dit kan gebeur dat die geskiedskrywers van die toekoms die woestynveldtog wat in hierdie rolprent uitgebeeld word, en die aanstaande finale hewige drama in die punt van Tunisië sal beskou as die beslissende oomblik in hierdie wêreldoorlog. Daar sal die lot van die wêreld nogeens beslis word en die toekoms van die vryheid van die mensdom verseker word. Daardie einde in die groot slag sal nou gou kom.'' Aldus veldmaarskalk Smuts.

Dit is 'n geleentheidstoespraak met die gewone gemeenplase en as sodanig verdien dit nie te veel aandag nie. Om hierdie rede moet by voorbaat aan lesers verontskuldiging aangebied word dat kommentaar op 'n geleentheidstoespraak van die Veldmaarskalk gelewer word.

Dit is volkome waar dat in die jaar 202 vóór Christus by Zama 'n beslissingslag plaasgevind het waar Hannibal, die gevaarlikste vyand wat die Romeinse Ryk gehad het, met sy verswakte krygsmag verslaan is en Karthago tot 'n uiters nadelige vrede gedwing is. Dit is ook volkome juis dat Zama in daardie deel van die wêreld gelê het wat vandag as Tunisië bekend staan en waar daar op die oomblik hard geveg word. Dit is ook volkome waar dat die woestynveldtog, wat in die rolprent ,,Desert Victory'' uitgebeeld word, die Britte tot in die punt van Tunisië gevoer het.

Hiermee eindig die waarheid gebaseerd op feite en kom die bespiegelinge en voorspellings van die Veldmaarskalk aan die beurt. Hy vind dit ,,merkwaardig'' dat die einde van die Afrikaanse veldtog ,,sal kom op dieselfde plek waar meer as 2,000 jaar gelede die toekoms van die wêreld in die Slag van Zama beslis is.'' Waarom vind hy dit merkwaardig as tussen die Slag van Zama en die huidige stryd in Tunisië tog nie die minste verband kan bestaan nie? Die Slag van Zama het plaasgevind in die kernland van die magtige Karthaagse ryk en daarom kon dit beslissend wees, terwyl die huidige stryd in die strategies-belangrike maar magtelose Afrikaanse protektoraat, Tunisië, van 'n verslaande Frankryk plaasvind. **Veel merkwaardiger is die verband tussen die woud van Compiègne van November 1918 en die woud van Compiègne van Junie 1940.**

,,Merwaardig'' vind die Veldmaarskalk dit waarskynlik omdat hy aan die Afrikaanse veldtog allesbeslissende eienskappe toeken. Verklaar hy dan nie: daar (in Tunisië) sal die lot van die wêreld nogeens (soos by Zama) beslis word en die toekoms van die vryheid van die mensdom verseker word''? Daar is waarskynlik baie min militêre deskundiges wat met hierdie voorspelling van die Veldmaarskalk akkoord sal gaan. Die pas aangestelde inligtingshoof van die Britse vloot, admiraal sir William James, wat onlangs verklaar het ,,dat hierdie oorlog slegs gewen sal word as ons ons leër op die Vasteland aan wal bring, sal moeilik met die Veldmaarskalk se voorspelling akkoord gaan dat ,,die lot van die wêreld'' in Tunisië beslis sal word. Ook sal dit moeilik gaan om 'n realis soos Stalin te oortuig dat die Afrikaanse veldtog die ,,ware Jakob'' gaan wees, selfs al sou die rolprent ,,Desert Victory'' wat in Rusland vertoon word om die pruttelende Bolsjewiste oor die militêre prestasies van hul bondgenote in te lig, daar 'n ,,ware sensasie'' veroorsaak het. Nee, die landing van 'n Brits-Amerikaanse leër op die Vasteland en daarna die opmars na Berlyn, die hoofstad van die kernland van die Spil, sal veel makliker uit die nabygeleë en industriëel-ontwikkelde Brittanje as van uit die verder afgeleë en onontwikkelde Noord-Afrika kan geskied. Dit is moontlik dat die geskiedskrywers van die toekoms, waarop die Veldmaarskalk hom beroep, die groot beslissende veldtogte in hierdie wêreldoorlog nie op Afrika nie maar op ander wêrelddele sal vind. As die Britse propaganda die Spiltroepe in Tunisië op slegs 200,000 skat, dan is dit selfs waarskynlik dat die Afrikaanse veldtog, in vergelyking met ander reuseveldtogte in die huidige oorlog, deur die geskiedskrywers van die toekoms gladnie as beslissend beskou sal word nie.

### VALSE VOORSPELLINGS

Aangesien die Veldmaarskalk hom weereens aan voorspellings gewaag het en aangesien gebeurtenisse sedert 1 September 1939 so vinnig plaasgevind het dat die kort menslike geheue nie altyd kon byhou nie, volg hier nou enige voorbeelde van waarseggery soos geneem uit die Cape Times:

Al die deskundiges in Londen stem saam dat Duitsland nie meer as 'n paar maande kan uithou met sy huidige voorraad petroleum-produkte nie. (September 1939).

Brittanje en Frankryk sal (in die Weste) sekerlik nie aan die slaap gevang word nie. (Oktober 1939.)

Die Turkse verdrag maak dit seker dat Brittanje en Frankryk Turkye aan hul kant sal hê as hulle geroep word om hul belofte aan Roemenië en Griekeland na te kom (Oktober 1939).

Gedurende die eerste week van die Duitse inval in Noorweë, het die Cape Times o.m. die volgende getuig en voorspel:

Op land en ter see word hul (die Duitsers se) kriminele onderneming (in Noorweë) aan skerwe geslaan.

Dit is hoogs onwaarskynlik dat een (van die Duitse soldate in Noorweë) ooit weer die vaderland sal sien.

Dit is nou seker dat inderdaad min (van die Duitsers in Noorweë) kan ontsnap . . . Die einde is seker.

Hierdie voorbeelde van grootpraterige en wensdenkerige valse voorspellings, wat maklik honderdvoud vermenigvuldig kan word, is nie tot een of ander van die oorlogsvoerende state beperk nie. Dit is nou eenmaal so dat die waarheid die eerste ongeval in 'n oorlog is. Om dit te besef is om enigsins teen aaklige ontnugterings beskerm te wees.

# Liewer Ontwapende Volk as 'n Verslaande Party!

In sy toespraak voorverlede week in Kaapstad het genl. J. A. Smith na Duitsland en Frankryk verwys as voorbeelde van volksbeweging en partyregering. Die een het binne ses jaar magtig geword en die ander het weens die partystelsel ondanks sy oorwinningsbuit in duie gestort. 'n Pragtige voorbeeld van partypolitieke onmag word gegee deur die Britse joernalis Douglas Reed in sy boek Disgrace Abounding. Hoewel die skrywer as Brit die Hitler-bewind skerp veroordeel, het hy ook geen tyd vir die onmag van die partypolitiek nie. Op bladsy 157 verwys hy na Engeland se gebrek aan bewapening kort voor die uitbreek van die oorlog, en gee die volgende oorsaak daarvoor:

,,In 1933 het al sy deskundiges in Europa die (Britse) regering gewaarsku teen wat aan die kom was. In 1936 het die Britse bewapening op papier aan die gang gekom. Is dit werklik nou, in 1939, onder weg? Waarom is dit nie in 1933 of 1934 begin nie? Stanley Baldwin het in November 1936 in antwoord op hierdie beskuldiging gesê dat ,volgens my mening' **dit ,die verlies van die verkiesing gewis sou beteken het as ons aan die land sou sê dat Duitsland besig is om te bewapen en dat ons moet bewapen.** Deur tot 1935 te gewag het, het ons die verkiesing met 'n groot meerderheid gewen'.''

**Vir die partypolitiek is dit dus baie belangriker om 'n verkiesing te wen as om voorsorgmaatreëls te tref vir die land se beskerming!**

*RAMME*

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.

VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingsertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koöp.) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA.

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank.

*Somers-PAKKE*



HIERDIE seisoen sal u behoefte hê aan 'n deftige Somerspak. Waarom tweekeer soveel betaal vir 'n Snyerspak as ons u een aanbied teen slegs

£6-17-6

Die pakke is netjies afgewerk en die kwaliteit is van die beste. Verkrygbaar in Dubbel- en Enkelbors.

Silwerpleet Sigaretdose met die kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui word. 'n Pragtige geskenk; slegs **10/6** elk.

Uniewinkels

(Ko-operatief) Beperk

Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.

Posbus 909, PRETORIA.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.

Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

# Pad van S.A. Loop deur die Bloed Van Dwase — Prof. Du Plessis

**„Die partypolitiek se leer was dié van die moontlike, maar die Ossewabrandwag s'n is dié van die onmoontlike. Alleen deur die volledige waag van alles kan ons ons doel bereik, en om hierdie gees te ontwikkel moet ons alle berekening vergeet en net een oorhou — my volk onder God se leiding," het prof. L. J. du Plessis verlede Dinsdagaand voor 'n groot gehoor in die Stellenbosse Stadsaal verklaar toe hy en dr. P. J. Meyer 'n Ossewabrandwagvergadering toegespreek het onder voorsitterskap van hoofkomdt. W. R. Loubser.**

Prof. dr. E. E. van Rooyen het met gebed geopen.

'n Verslag van dr. Meyer se toespraak verskyn afsonderlik in hierdie uitgawe.

Prof. Du Plessis, wat leier is van die Ossewabrandwag se beleidsafdeling, het gepraat oor die Ossewabrandwag as beweging vir volkspolitiek in teenstelling met die partypolitiek. Reeds sedert sy ontstaan was die Ossewabrandwag toegespits op volkspolitiek, maar ons het dit kultuur genoem omdat ons nog nie 'n duidelike onderskeid tussen partypolitiek en volkspolitiek gesien het nie. Dit het begin as die omraming van die verdedigingsmag wat ons verdediging 'n eiendom van die volk wou maak. Hierin is hy egter belemmer deur mnr. Pirow as minister en sy nakomelinge. Selfs dr. Malan het met die Cradockse ooreenkoms die Ossewabrandwag as volkspolitieke beweging aanvaar. In daardie ooreenkoms is verklaar dat die O.B. onderneem dat vir partypolitieke doeleindes die party die liggaam sal wees, maar dat hyself die republikeinse ideaal van die Voortrekkers sal bevorder. En wat was dit anders as volkspolitiek?

**Volkspolitiek is 'n saak vir alle vertakkinge van die volk en nie net vir 'n groepie afgesonderde manne nie.** Dit is die politiek van die volk as 'n geheel, van al sy lede. **Dit is die versorging en behartiging van alle volksbelange dag vir dag en nie net elke vyf jaar nie.** Dit beteken nie 'n oorheersing van ander lewenskringe nie, maar die beskerming en oordekking daarvan. Deur die Eenheidskomitee is gepoog om hierdie gedagte in die praktyk uit te voer, en daarin is ook plek gegee aan die partyleier wat op partypolitieke gebied 'n volksleier sou wees. Hy kon hom dus ook laat dra het deur die volkspolitiek, was dit nie dat hy dit geweier het weens gebrek aan insig nie.

### HUISGESIN

Ons erken dat God die skepper van volke is, en dan sien ons die volk as 'n groot huisgesin. **Daarom is volkspolitiek in die eerste plaas versorging van gesinne, want die gesinne is die selle van die volk. Dit sluit baie in, b.v. dit moet vir elke volksgenoot moontlik wees om 'n gesin in die lewe te roep en dit selfstandig en gesond te hou, 'n gesin wat nie nodig sal hê om al sy lede uit te stuur om te gaan werk vir 'n skamele bestaan nie. Die ouers en kinders moet saamlewe sodat die kinders gevorm kan word as lede van die volk en kerk. Dit vereis 'n huis en 'n erf vir elke gesin en nie pandokke of woonstelle waar kinders verbied word nie.**

Die volk self is soos die gesin met sy leier wat die belange van sy lede behartig en vir almal sorg, maar waarbinne die lede onderling ook vir mekaar lewe, en almal bly is as een bly is en almal ly as een ly.

**As 'n lid van 'n gesin in die lewe uitsak, staan die ander lede teenoor hom met ontferming en hulle probeer sy skande vir die wêreld wegsteek. So moet die volkspolitiek ook wees, want dit is die wet van God.** In die tweede plaas glo ons ook dat God die kerk geskep het as 'n instrument tot herskepping. Dit het 'n ewigheidsdoel, maar vir die volkspolitiek is die kerk ook 'n liggaam wat die Woord van God in die volkslewe moet laat skyn en hy kan dit doen in 'n staat waar volkspolitiek bedryf word omdat daar 'n lewenseenheid is en nie onderlinge verdeeldheid soos in die partypolitieke staat nie. Alle volkslede het 'n deel aan en verpligting teenoor die volksaak in minder of meerdere mate. Daarom is alle arbeidsvertakkinge daarby ingetrek, **want politiek is nie meer 'n saak van 'n party nie, maar van die volk as geheel — die handelaars, boere, nyweraars, almal het hul plek, ook die kerk en sy voormanne.** In hierdie verband dink ons ook aan die aangetroude familie—vreemdelinge wat oplosbaar is en wat later deur die volk opgeneem kan word as familielede.

### KUNSMATIGE PROGRAM

Hierin verskil die partypolitiek, want dit begin nie by die familieband waardeur almal tot medewerking uitgenooi word wat tot dieselfde bloed behoort nie. **Die partypolitiek het 'n nou deurtjie wat bestaan uit 'n kunsmatig opgestelde program.** Hierdie program bevat punte wat sommige volksgenote teen die bors kan stuit en daarom sluit hulle nie aan nie. Aan die ander kant kan vreemdelinge wat al die punte onderskryf, opgeneem word in die partyverband. **Hier moet die volksgenoot eers eksamen aflê voordat hy in die huis opgeneem word — hy is nie van nature binne die huisgesin nie.** Maar die man wat buite die partyverband is, stig sy eie party en dan gaan hou hy verkiesing. Hy moet dan sê en doen wat die kiesersmassa sal bekoor en hierdie kiesersmassa is vir die grootste deel volksvreemdes en selfs rasvreemdes. Dit is dus al weer 'n verdere vervreemding van die volksverband. Ná die verkiesing gaan hy na die parlement en daar voer hy stryd teen 'n opposisie wat vir die helfte bestaan uit sy eie volksgenote. **Hy is dan verplig om die mislukkings van die opposisie — sy eie volksgenote — te verkondig aan die vreemdes terwille van hul ondersteuning.** As hy 'n groot sukses wil maak van sy parlementêre loopbaan, moet hy al sy aandag daaraan wy en dit sy beroep maak. **Eindelik word die politiek vir hom 'n persoonlike saak, iets waaruit hy 'n bestaan maak. Sy beroep is om homself te handhaaf in die parlement en met behulp van vreemdelinge aan bewind te bly.**

Die mense van die Ossewabrandwag is nie beter as hierdie partymense nie, maar hulle het met die **volk** te doen, met hul familie, en daarom bestry hulle nie volksgenote nie. Die ander kan nie aan die volk dink nie, maar net aan die instrument wat hulle tot beroep gemaak het — die party.

### VERNIETIGINGSWERK

Daar is 'n totale omkering nodig van die huidige toestand. Eers moet daar vernietigingswerk verrig en dan van nuuts af opgebou word. As ons die saak so sien, lyk dit te groot vir ons. Daarom het ons die oë gevestig op die buiteland, want ons besef dat die lotgevalle van volke ook beslis word deur groot wêreldgebeure. Die Ossewabrandwag sien uit, na die revolusie wat al jare lank aan die kom is en wat die bande hier sal verbreek. Dit hoef nie noodwendig 'n nasionaal-sosialistiese revolusie te wees nie, hoewel ons dit tienduisend maal eerder sou verkies. Gestel egter dat die ergste gebeur en dit 'n kommunistiese revolusie is, dan nog sal dit 'n omkering van die bestaande toestand wees — die vernietiging veral van die bedorwe en verouderde in die teenswoordige orde wat ons ook beoog. **Die volkemassas sal die revolusie bring, en selfs al sou ons ná die oorlog hier 'n Britse of Amerikaanse empire hê, sal hy vernietig word deur sy huidige verdedigers — die soldate in wie die gees van die revolusie, die opstand teen die kapitalistiese oorheersing, reeds nou al begin werk.** Die Ossewabrandwag moet hom hiervoor klaarmaak. **Dit is God wat die revolusie bring, want Hy is die beskikker oor die lotgevalle van die volke. Hy bring die Babilons tot 'n val.** Daarom, al verkies ons 'n nasionaal-sosialistiese revolusie, as dit anders moet wees, sal ons nie daarvoor skrik nie al moet ons die kommunisme

(Vervolg op bls. 6)

# Taak van Ossewabrandwag is om Volk in Beweging te Hou

## Dr. P. J. Meyer oor Vorm wat Staat Gaan Aanneem

**Die Ossewabrandwag doen geen beloftes vir die toekoms nie; hy leef in die hede en doen vandag wat hy in die toekoms wil. Hy is elke dag besig om te verwesenlik wat hy verlang, en dit is nog slegs die uitwendige beperkings wat tussen hom en die toekoms staan," het dr. P. J. Meyer, hoof van die Ossewabrandwag se voorligtingsdiens, verlede Dinsdagaand op Stellenbosch gesê toe hy saam met prof. L. J. du Plessis 'n vergadering van die studentekommando's aldaar toegespreek het.**

Ons beweeg op die weg na ons eie afsonderlike bestemming, 'n weg wat deur God bepaal en deur ons geskiedenis uitgewys is en in onsself beliggaming vind, het hy gesê. Dit vereis vryheid, sowel uiterlik as innerlik. Daar is 'n ewigdurende stryd van binne na buite wat deur my as persoon gewen moet word. Dan is daar die uitwendige omstandighede wat in die pad na ons bestemming staan en wat oorwin moet word.

As daar gevra word hoe die bestemming bereik moet word, gee die Ossewabrandwag 'n unieke antwoord daarop, nl. **bring jou volk in beweging en hou hom in beweging, want debatte bring ons nie by die eindpunt nie. Die Groot Trek was 'n volk in beweging. Daar is nie eers in Grahamstad beraadslaag oor die toekomstige staat nie. As dit sou gebeur het, sou hulle vandag nog in Grahamstad gesit het. Maar hulle het beweeg. Ook in 1938 het die Afrikanervolk homself gevind toe hy deur die Ossewaens in beweging gebring is. Toe is die ou partygrense — wat deur stilstand geskep is — vergeet, en uit daardie beweging is die Ossewabrandwag gebore met die doel om die volk in beweging te hou.** In die begin het hy nog die liberalistiese gedagte van getalle gehandhaaf, maar stap vir stap het hy in sy beweging die een hindernis na die ander oorwin en vandag soek hy sy heil daarin om die volk so te verenig dat al die **volkskragte** tot uiting kan kom. Dit gebeur afgesien van getalle, want dit is 'n skeppende, voortbewegende kernbeweging wat alle vertakkinge van die volkslewe omvat.

Die volgende stap sou wees om sy eie organisasievorm uit te bou in die rigting van die natuurlike ontwikkelingsproses. Vandag is die eerste stap hiervan agter die rug en die voltooiing is in sig, het spr. met verwysing na die studielaers se werk gesê.

### TWEE WORTELS

Waar die ou politieke organisasies net op die nasionale wortel gestaan het, onderskei die Ossewabrandwag hom daarin dat hy op twee wortels staan, nl. die **nasionale** en die **sosiale** en wel op Calvinistiese grondslag. Die nasionale wortel beklemtoon die **andersheid** van jou volk en die bloedband. Die sosiale beklemtoon die **wedersydse verpligtings** van volksgenote onderling, die idee van broederskap en hoederskap.

In die ou politieke organisasie was die sosiale element oorgedra aan die staat wat met onderstandwerke ens. daardie plig moes vervul. Die Ossewabrandwag het voorlopig niks te doen met die staat nie, want ons bly hoeders van mekaar, staat of geen staat nie.

Hierdie twee wortels het in die Ossewabrandwag reeds tot uiting gekom. Die nasionale kom tot uiting in die O.B. se strewe om alle Afrikaners te verenig en hulle uit die vreemde terug te trek. Vroeër is 'n Afrikaner om alle soorte redes uitgewerp na die vreemde. As jy by homself geen fout kan vind nie, gaan soek jy die oorsaak by sy pa of sy oupa om hom te kan uitwerp. Die sosiale kom tot uiting in die noodhulpwerk van die Ossewabrandwag.

As ons dink aan 'n organisasievorm, dink ons natuurlik. Ons sien dan twee eenhede raak, nl. die **huisgesin** en die arbeids- of **bedryfsverband.** Eersgenoemde word in kommando's georganiseer en laasgenoemde in 'n bedryfsorganisasie. Onder bedryf verstaan ons alle bedrywe, b.v. onderwysers, kunstenaars, padwerkers, boere, ens. Almal is deelhebbers. **Hierdeur verdwyn die klasseonderskeiding, want ons maak geen onderskeid tussen werker en werkgewer nie.** Op hierdie twee wortels word die volkstaat dan gebou. **Hierdie bedryfsverband word al sedert geruime tyd georganiseer, en wat die gesinne betref, dit is in die kommando-stelsel georganiseer.**

Die Grootraad gaan voortbestaan, maar in hom spits die twee wortels saam met die Kommandant-generaal aan die hoof. Hierdie volksbeweging is dan die draer van die gesagstaat wat die gesagstaat gaan skep en handhaaf ten einde die volk in staat te stel om sy bestemming te bereik.

Die volksbeweging se sentrale leiding sal die owerheid van die staat wees, en hy kry meewerkende liggame, nl. (1) **Die volksbeleidsraad,** ook met 'n gebiedsindeling; (2) **Die volksbedryfsraad** waarin die arbeidsbelange uitspits. Waar die eerste meer die nasionale wortel verteenwoordig, sal die tweede meer die sosiale aspek van die volk verteenwoordig. Dan keer die staat terug na onder deur vir sekere dade van hom bekragtiging van die die volksburgers te vra.

**Die Ossewabrandwag is tans besig om vorm te gee aan hierdie grondgedagtes, wat iets eenvoudigs en natuurliks is.**

### WAARBORGE

As gevra word: wat van die huidige toestand? antwoord ons dat die Ossewabrandwag geen beloftes vir die toekoms doen nie. **Hy leef in die hede en doen vandag al wat hy in die toekoms wil. Hy het reeds as volksbeweging al hierdie verantwoordelikheid aanvaar om dit elke dag te doen en die volk na sy bestemming te lei. Hy is elke dag besig om te verwesenlik wat in belang van die volk is, en niks kan hom meer daarin stuit nie.**

Die waarborg dat hy dit doen, hoef nie ver gesoek te word nie. Die eerste waarborg is ons geloof. Ons glo dat God ons hier geplant het as 'n volk met 'n doel en dat Hy Sy wil sal volvoer met ons.

Ons tweede waarborg is ons Kommandant-generaal wat hom 100 persent in die volkslewe gewerp het, en nog steeds sterker en sterker in hierdie gees word. Hy is 'n man van staal wat nooit sy volk in die steek sal laat nie.

**Dan is daar hulle wat in die kampe en tronke sit, die getroue O.B.-lede wat daar sit terwille van die Ossewabrandwaggedagte. Hul offers sal nie tevergeefs wees nie.**

Onsself is ook die waarborg, want deur by die Ossewabrandwag aan te sluit het ons nie eie voordeel behaal nie, maar het ons ons eerder in gevaar gestel. Niemand sal sy veiligheid waag vir iets tydeliks nie.

**In ons dade het ons die versekering dat die Ossewabrandwag aan die toekoms van ons volk behoort, daardie toekoms wat gedra word deur die jeugdige krag waarin daar in die verlede reeds soveel geoffer en verrig is, en vandag binne die Ossewabrandwag weer geoffer word.**

# GEVANGENES SE DANK

In 'n skrywe aan Die Vaderland bedank mnr. G. H. Beetge die dames van die Ossewabrandwag namens die 52 politieke gevangenes wat in Koffiefontein geïnterneer word nadat die saak van hoogverraad teen hulle teruggetrek is, vir al die etes en geskenke wat so onbaatsugtig en offervaardig aan hulle in die tronk gestuur is. Sulke klinkende dade was vir hulle altyd 'n riem onder die hart.

# Wedstryd Word nie Gewen Met Selfsugtige Spelers

## Ossewabrandwag Doen Beroep op Volk

**,,Piet Beentjies het gemaak dat ons die wedstryd verloor het. Was die nie vir sy selfsugtigheid nie, kon ons daardie ekstra drie punte gehad het wat ons die oorwinning sou besorg het.''**

Elke voetbalspeler ken hierdie verwyt, want in enige span is daar gewoonlik 'n speler wat baie goed speel, maar die een groot fout het dat hy **alleen** wil speel. Kry hy die bal, storm hy af op sy teenstander se doellyn, en al word die wêreld vir hom so nou soos 'n tregter, sal hy nog nie daaraan dink om die bal uit te gee na sy maat langs hom wat die veld voor hom oop het nie. Die gevolg is dat Piet Beentjits neergetrek word met die bal in sy hand, en drie sekere punte is vir sy span verlore. So 'n speler sal net een keer in 'n belangrike wedstryd speel. Geen keurkomitee sal hom 'n volgende keer kies nie, want in 'n spel waar saamspeel die grootste vereiste is, kan jy nie spelers hê wat nie hul maats die geleentheid wil gee om saam te speel nie. Hulle is geen aanwins vir die span nie.

Maar dit is nie net in voetbal wat 'n mens hierdie verskynsel kry nie. **Ook op politieke gebied kan 'n volk groot skade ly deurdat sommige persone alleen alles wil doen en weier om gebruik te maak van die kragte van ander volksgenote.** Onder die partystelsel het dit nog altyd tydens verkiesings gebeur. In plaas dat die hele volk in een groot kragmonstering hom by die verkiesing inwerp en die vyand wegveeg, kry jy 'n hele aantal partye onder die Afrikanerdom wat teenoor mekaar die stryd aanknoop. Elkeen wil die meerderheid behaal sodat sy kliek alleen kan regeer en elkeen maak aanspraak dat hy die enigste ,,ware party'' is. In gewone omstandighede was dit al sleg genoeg, want daardeur het die vyand nog altyd kans gekry om baas te speel, tot so 'n mate dat ons land teen sy sin in 'n oorlog gesleep is.

Waar ons vandag in die grootste ellende verkeer, en waar ons volk se bestaan op die spel is — soos alle politici geredelik erken — **waarom moet ons nog van hierdie Piet Beentjiessoort in die volkspan opneem om ons volk te laat verloor in sy lewenstryd? Dit is hoog tyd dat ons volk aan sy voormanne sê om saam te span en die medewerking te soek van alle republikeinse Afrikaners. En die leier wat weier om saam te werk om 'n eenheidsfront vir die verkiesing te stig, sal die verantwoordelikheid moet dra dat hy die volk die wedstryd laat verloor het.** In die geval van die voetbalspan was daar by 'n volgende keer geleentheid om Piet Beentjies uit die span te skop, maar sal ons volk na hierdie krisis nog 'n kans kry as hy die stryd verloor? Daar is nie kans om te dobbel nie. Daar is slegs die plig van ware volksmanne om die geledere te sluit en gebruik te maak van **elke Afrikanerkrag** om die oorwinning te behaal.

**Die Ossewabrandwag het sy voorstel gedoen dat die politieke leiers vrede maak en 'n volksfront vorm met die oog op die verkiesing. Indien hulle tot 'n ooreenkoms geraak en kandidate stel wat die vyand beveg en nie medere publikeine nie, sal die Ossewabrandwag sy gewig by daardie front inwerp. Twee ander groepe het hul samewerking vir so 'n front reeds beloof. Die volk wag op die leier van die vierde republikeinse groep. — die H.N.P.**

## APPÈL VAN 22

Die appèl van die 22 Jeugfrontoffisiere wat 'n tyd gelede deur die Bloemfonteinse magistraat veroordeel is tot £25 boete of twee maande tronkstraf, dien op 30 April voor die Appèlhof in Bloemfontein. Die manne is skuldig bevind aan oortreding van die Noodregulasies deurdat hulle sou gedril het.

## PAD VAN SUID-AFRIKA LOOP DEUR . . .

(Vervolg van bls. 5)

dan ook beveg. Wat Suid-Afrika betref, sal dit in die eerste plaas ten gevolge hê dat dit die Engelssprekende in die arms van die Afrikaner sal dryf, want 'n kommunistiese Suid-Afrika is 'n verkafferde Suid-Afrika. Ons sal dit dan saam beveg.

Ons moet egter nie net op die buiteland hoop nie. Ons het 'n eie plig om na te kom. Dit is 'n saak wat lewensbloed vereis — elke volksgenoot moet hom volkome inwerp. Die partypolitiek se leer is dié van die moontlike. Daar word eers beraadslaag of 'n onderneming sal slaag, en bestaan daar twyfel, word dit nagelaat. **Ons leer egter is dié van die onmoontlike. Ons kan ons doel alleen bereik deur alles te waag. Om ons siel te wen, moet ons bereid wees om dit te verloor. Hierdie besef moet by die volk ingeplant word en dit is die taak van die Ossewabrandwag. As sy lede allerlei dwase en onverantwoordelike dinge doen, is dit nie dwaas nie, dog slegs selfoorgawe om alles te waag. As ons hierdie gees wil ontwikkel, moet ons alle berekeninge vergeet en net die een onthou: my volk onder leiding van God.**

**,,En ek wil daarby selfs dwaas wees,'' het prof. Du Plessis gesê, ,,want die pad van Suid-Afrika loop ook deur die bloed van dwase — soos Langenhoven dit stel, en hierin kan ons geen beter leier kry nie as daardie opperste dwaas, Hans van Rensburg, wat vandag besig is om homself te verloor om alles vir sy volk te wen.''**

BASAAR!!!

DIE MANNE- EN VROUE-KOMMANDO'S VAN TIERVLEI HOU D.V. 'N BASAAR TE

TIERVLEI
(om 3-uur n.m.)

OP DIE TERREIN LANGSAAN VELDKT. DU BOIS (HAARKAPPER) SE BESIGHEID.

OPBRENGS IS TER
Stywing van Fondse
VIR 8 AUGUSTUS.

ALLE OMLIGGENDE KOMMANDO'S EN AFRIKANERVRIENDE WORD HARTLIK UITGENOOI.

*Maak Kennis met die*

Nuwe
Volkspele

Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van
,,Die Stem van Suid-Afrika.''

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

## O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds Erken .. .. .. .. .. .. | £7,221 | 18 | 1 |
| Mevv. H. v. Rhyn en S. Prins | 1 | 5 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .. .. .. .. | 1 | 1 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Maandelikse Bydrae Bokveld Vroue-Kommando | 1 | 7 | 6 |
| Clanwilliam Kommando .. .. | 6 | 5 | 0 |
| Vriendin, Kaapstad .. .. .. | 1 | 3 | 0 |
| Ceres Vroue-Kommando Jan., Feb. en Maart | 19 | 14 | 3 |
| Opbrengs Basaar, Parow Manne- en Vroue-Kommando | 55 | 5 | 0 |
| Weeklikse Bydrae Veldskoenkring, Oudtshoorn | 2 | 2 | 2 |
| Vryheidsdag-kollekte Loxton Kommandos | 11 | 15 | 0 |
| Queenstown Vroue-Kommando | 10 | 0 | 0 |
| Dienslaer Kollekte Piketberg M.- en V.-Kommandos | 2 | 5 | 0 |
| Maandl. bydrae Stellenbosch Vroue-Komdo. Werkgeselskap | 1 | 5 | 0 |
| Lys 635, Jansenville Vroue-Kommando | 10 | 0 | 0 |
| 3de Bydrae V.A.R.-lid Mev. Dr. Van Zyl, Hoofkomdtskap | 1 | 0 | 0 |
| Komdte G. W. de Villiers, Kaapstad | 5 | 0 | 0 |
| Penkop Joh. Malherbe, Vryburg | | 2 | 6 |
| Lys 621 Komgha-Stutterheim Kommando | 4 | 3 | 0 |
| Jeugfront-dogters Duiwelskop, Kaapstad | | 5 | 0 |
| Vriend, Sout Rivier .. .. .. | 22 | 7 | 0 |
| Vriend, Kaapstad . .. .. .. | | 10 | 0 |
| Prins Albert Vroue-Kommando | 2 | 1 | 0 |
| Penkop Willie Grové, Vryburg | | 1 | 0 |
| Mnr. Hennie de Wet, Protem | | 10 | 0 |
| | £7,386 | 5 | 6 |

**Bydrae Aanbod H/Genl. Schoeman.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds Erken .. .. .. .. .. .. | £1,429 | 19 | 2 |
| Belofte Beheerraadsitting Genl. F. Robertson | 20 | 0 | 0 |
| Aurora-Velddrift Uitdaging ... | 25 | 0 | 0 |
| Knysna Kommando .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| | £1,478 | 19 | 2 |

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars
(Eiendoms.) Beperk,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6844.

*Ten spyte*
van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid
Damesuitrusting
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

VISSER-GELDENHUYS: — Hiermee wens ons aan familie en belangstellendes bekend te maak dat ons tweetjies, Kittie Geldenhuys, Diep Kloof, Sutherland, en Jan Visser, Sandfontein, Sandberg, op 9 April verloof is.

BOTHMA-DU TOIT: —Hiermee wens ons twee, Ella du Toit, oudste dogter van mnr. en mev. P. P. du Toit, Wilgerbos, Koupstasie, en Hannes Bothma, oudste seun van mnr. en mev. J. J. Bothma, Leeuvlei, Laingsburg, aan familie en vriende bekend te maak dat ons verloof is.

### HUWELIK

LOURENS-ZEEMAN: — Ons twee, Helena, oudste dogter van mnr. en mev. A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson, en Hampie, oudste seun van mnr. en mev. P. G. Lourens, Kliprivier, Swellendam, wens hiermee aan vriende en familie-betrekkinge bekend te maak dat ons op Saterdag, 8 Mei, om 4.30 n.m. te Robertson in die huwelik tree. Geen kaartjies. Robertson dorp. Resepsie en gelukwense: **Die Stadsaal, Robertson.**

### OOS-KAAPLAND AANDAG !

**O.B.** in Port Elizabeth behaal nog 'n mylpaal. Vanaf 1 Mei 1943, sal die O.B.-Ruskamer vir O.B.-lede en alle goeie vriende, in die Gin-Geboue, Adderleystraat, Noord Einde, P.E., geopen word. Lank lewe die Ossewabrandwag.

### BETREKKING GEVRA

JONG ongetroude man (26 jaar) soek betrekking as Plaasvoorman. Tien-jaar ondervinding van algemene boerdery in Tarkastad distrik. Kan Vragwa bestuur en het grondige kennis van Trekker. Het ook die afgelope seisoen met ,,Combine'' gewerk. Is gewillig om enige plek in Unie te gaan. **Paul Roux, Tarkastad.**

### BENODIG

ASSISTENT Voorman vir melkplaas. Kennis van masjienerie en drywerslisensie 'n vereiste. Begin salaris £10, tesame met vrye huis, melk, ens. Doen aansoek met portret, getuigskrifte en gefrankeerde koevert aan: ,,J.'' Posbus 8576, Johannesburg.

### TE KOOP

OPREGTE Australiese Bruin UIESAAD.

Beste van soort, goedgekeur deur Departement van Landbou, 7/- per pond. 6/6 vir meer as 10 pond, posvry, K.M.B. — J. J. SPIES, ,,Rus-en-Vrede,'' Schoemanshoek, Oudtshoorn.

UIESAAD. — Vroeë Kaapse Plat geel, 6/6 per pond; Australiese Bruin, Spaanse Bruin, 5/6 per pond; Kaapse strooi 5/- per pond. Afslag op 100 pond en meer. Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.

### KAROO BOK-KRAALMIS

BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel, 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660 — Johannesburg

GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde **VRUGTEBOME**; vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die **UNIE** sowel as elders. Sierbome, Struike, Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! **Katalogus gratis.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

*BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS*

Sluit nader bymekaar aan.... Volkskoper Mark Bpk. lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees. *Stuur u vee en produkte aan u eie bemarkingsorganisasie.* As u ons eenmaal getoets het sal ons u steun blywend verwerf.

VOLKSKOPER MARK BPK.

Môremark — JOHANNESBURG — Newtown

Foon 34-1442 — Wolhuterstraat 62